***Philo Pieterse en Sean Else***

bied aan

'n Sean Else Film

LIANIE MAY
BOK VAN BLERK
STEVE HOFMEYR
JAY
VAUGHAN GARDINER
KARLIEN VAN JAARSVELD

Skrywers
Sean Else
Deon Opperman

Lynvervaardiger
Johan Kruger

Kamera-regisseur
Brendon Frans Keyser

# PRODUKSIENOTAS

## SINOPSIS

*Platteland*, Suid-Afrika se nuutste en grootste musiekrolprent tot op datum, word landwyd in teaters op 25 November vrygestel.

Die rolprent vertel die verhaal van Riana van Niekerk (Lianie May) wat alles in vermoë sal doen om haar familieplaas te behou. Mike Ferreira (Steve Hofmeyr) het egter ander planne en sal enigiets doen om sy hande op Riana se grond te kry. Dirk Pretorius (Bok van Blerk) is 'n swerwer met sy eie geheime.

Treffers van die afgelope tyd is in Platteland se storielyn ingeweef. Liedjies soos *Melanie (*Jay),*Tyd om te Trek* (Bok van Blerk), *Vergeet My Nie* (Lianie May), *Pa en Seun* (Steve Hofmeyr en Bok van Blerk) en *Sweet Dreams* (Karlien van Jaarsveld) gaan verseker dat dit die gewildste Afrikaanse musiekrolprent ooit sal word.

Bok van Blerk, wat die rol van die geheimsinnige Dirk Pretorius speel, het bekendheid verwerf met die reuse treffer *De la Rey*. Hy het homself daarna bewys as een van die grootste name in Afrikaanse musiek met treffers *soos Tyd Om Te Trek, My Kreet* en *Die Kaplyn*. Bok het in 2009 die Sama-toekenning gewen as die topverkoper in Suid-Afrikaanse musiek met sy album Afrikanerhart.

Steve Hofmeyr het sy loopbaan as akteur in die gewilde TV-reeks *Agter Elke Man* begin en het met verkope van meer as twee miljoen eenhede homself deur die jare as sanger en liedjieskrywer bewys met treffers soos *Pampoen, Agter Elke Man* en *FM Stereo*. Steve was in 2004 die wenner van die Sama-toekenning as topverkoper vir sy album *Toeka.*

Lianie May het die musiektoneel oorrompel met haar debuutalbum *Vergeet My Nie* wat in 2008 die Sama-toekenning as topverkoper in die land gewen het. Met trefferliedjies soos *Jy Soen My Nie Meer Nie, Vergeet My Nie* en *Honey Honey* het sy haarself vinnig gevestig as een van die groot name in Afrikaanse musiek.

Jay, wat die rol van Mike se seun Jakes Ferreira speel, is nie net bekend as lid van *Eden* en as solokunstenaar nie, hy en Lianie het ook twee reuse treffers as duetpaar gehad: *Toe Stop My Hart* en *In a Moment Like This*.

Ander bekendes in *Platteland* is Vaughan Gardiner (bekend vir sy trefferliedjie *Gooi Jou Arms Om My)* as Wian, Riana se broer, en Rolene Ferreira word gespeel deur Karlien van Jaarsveld wie se

debuutalbum *As die Gordyn Val* verlede jaar vrygestel is. Die rol van Mike se vrou, Louise, word deur Hanna Grobler vertolk.

Die vervaardiger van *Platteland* is Philo Pieterse wat aan stuur van trefferflieks soos O*rkney Snork Nie, Boetie Gaan Border Toe, Lipstiek Dipstiek* en *Kringe in 'n Bos* was. Die draaiboek is deur Sean Else (bekroonde video-regisseur) en die dramaturg Deon Opperman, 'n dubbel Hertzogprys-wenner, geskryf. Hierdie is nie die eerste keer wat Sean en Deon saam werk nie: Hulle was ook verantwoordelik vir *Ons Vir Jou* wat voor uitgepakte gehore in die Staatsteater in Pretoria opgevoer is. Sean behartig die regie van Platteland en is die mede-vervaardiger van die rolprent.

Ander groot name in die rolverdeling is André Odendaal (*Getroud Met Rugby*), David Clatworthy (*7de Laan*), Wynand van Vollenstee (*Karate Kallie*), Ivan Zimmermann (*Egoli, Dit Wat Stom Is*), Paul Luckhoff (*Egoli, Hopeville*), Izak Davel (*Egoli, Getroud met Rugby – Die Onvertelde Storie*), Cobus Visser (*Egoli, Villa Rosa*), Marcel Schoeman (*Torings*), Annette Engelbrecht (*Orkney Snork Nie*), Viljé Maritz (*Binnelanders*) en Dirk Stoltz (*Song vir Katryn, Binnelanders*).

*Platteland* word deur Indigenous Film Distribution vrygestel.

**Onderhoud: Philo Pieterse, Vervaardiger**

---

**Waar het die idee van die rolprent vandaan gekom?**
Ek het nie enige plaaslike rolprente sedert *Lipstiek, Dipstiek* in 1994 gemaak nie en het gevoel dit is tyd vir iets nuut. Ek het gehoor hoe gewild Sean Else as sanger, akteur en vervaardiger is. Ons het ontmoet en besluit om saam te werk. Ek wou 'n musiekrolprent maak aangesien Afrikaanse musiek baie gewild is en die bedryf baie lewendig is.

**Hoe is daar besluit om Sean Else die regisseur van Platteland te maak?**
Sean is die eienaar van sy eie platemaatskappy, Mozi Records, en dit het hom die ideale vennoot vir 'n musiekrolprent gemaak. Bowenal is hy ongelooflik energiek en entoesiasties. Hy was die regte keuse vir die projek. Niemand ken die mark vir 'n fliek soos hierdie so goed soos hy nie. Ek het ook van die musiekvideo's gesien wat hy gemaak het en sy talent as regisseur was duidelik hierin te sien.

**Wat maak die storie meeslepend?**
Die verhaal is dié van 'n vrou wat haar familieplaas probeer red van 'n gewetenlose man en ek glo dit is iets wat Afrikaners na aan die hart lê. Die feit dat soveel gewilde sangers deel van die

produksie is, maak dit net nog meer aantreklik. Dis ‘n perfekte samesmelting van drama en die hoë profiel van elkeen van die spelers.

**Hoekom is Lianie May en Steve Hofmeyr vir die hoofrolle gekies?**

Soos die res van die rolverdeling, is hulle natuurlike akteurs. Ons het die rolprent ontwikkel met hulle in gedagte. Daar is nie baie sangers wat so gewild as Lianie en Steve is nie en die fliek is ‘n ideale platform vir hulle.

**Hoe is die musiek vir die fliek gekies?**

Dit was alles Sean se werk. Hy het die musiek gekies en ons het die gewilde liedjies geneem en dit ‘n nuwe, opwindende baadjies vir die fliek gegee.

**Wat maak jou opgewonde oor die fliek?**

Dit was opwindend om te sien hoe alles bymekaar gekom het. Dit is baie goed bymekaar gesit. Een van die beste besluite wat ons geneem het, was om die fliek in Vrede, ‘n klein dorpie in die Vrystaat met ‘n sterk plaasgemeenskap, te skiet. Die plekke is almal deur Sean geidentifiseer. Daar was moeilike tye soos om vir almal verblyf te kry, maar as jy sien wat op die groot skerm vasgevang is, vergeet jy die moeilike tye. Die musiek, die spelers, die plekke waar dit geskiet is en die finale produksie is al wat saak maak.

**Hoe is die rolpernt befonds?**

Dit is deur private beleggers en ‘n subsidie van die Departement van Handel en Nywerheid befonds.

**Wat was die grootste uitdagings?**

Meeste van die opnames is in Januarie en Februarie gedoen en die weer – dit het baie gereën- en tekort aan verblyf was van die grootste uitdagings.

**Wat was die hoogtepunte van die opnames?**

Dit was ‘n plesier om saam met die spelers te werk. Hulle was baie entoesiasties en ondersteunend. Daar was tydens die hele produksieproses geen dramas nie. Baie van die spelers het nog nooit in ‘n rolprent gespeel nie, maar ons het geen probleme gehad nie. Die tegniese span was onder Sean se leierskap. Hy sit nooit stil nie en sy energie is aansteeklik. Hy het amper die hele tyd op en af gespring en sy ywer het ‘n invloed op almal gehad. Dit was ook een van die daardie opnames waar daar aan die einde van elke dag positiewe resultate was. Dit was soos om ‘n groep kinders na ‘n lekkergoedwinkel toe te neem. En ons het baie gelag.

**Vertel meer van die opnames in Vrede?**

Die interaksie met die gemeenskap was ongelooflik. Ons het byvoorbeeld een keer aangekondig dat ons die Sondag in die kerk gaan verfilm. Ons het die gemeente gevra om ná die diens agter te bly en hulle het vir langer as 45 minute gewag sodat ons klaar kan opstel. Hulle was so geduldig. Toe die akteurs opdaag, het almal hul eie kameras uitgepluk. Dit was vir hulle ‘n groot oomblik om van hul musiekhelde te ontmoet. Die mense was regtig wonderlik.

**BIOGRAFIEË – TEGNIESE SPAN**

---

**Philo Pieterse (Medevervaardiger)**

Philo Pieterse het Philo Films in 1980 begin. Die film- en televisie-produksie-maatskappy is die afgelope 31 jaar een van die groot rolspelers in die filmbedryf. Philo se advertensie vir Sun City, met Queen se trefferliedjie We Will Rock You as klankbaan, het Hollywood se International Broadcasting-toekenning in 1986 gewen. Dit was maar net een van die groot toekennings wat hy internasionaal en plaaslik gewen het. Tot op hede is hy 18 keer internasionaal vereer en het hy 48 toekennings plaaslik gewen. Een van die hoogtepunte van sy loopbaan was toe hy die uitvoerende vervaardiger van die rolprent *E’Lollipop* (1976) was. Die Oscar-wenner Jose Ferrer was in die rolverdeling en dit was `n ko-produksie tussen Suid-Afrika en die VSA. Die rolprent was plaaslik en internasionaal `n treffer en het tot die gevolg gehad dat daar meer samewerking plaasgevind het tussen Suid-Afrika en lande soos Kanada, Duitsland, Engeland, Frankryk en ander Europese lande. Philo Films het `n baie goeie reputasie deur die jare opgebou en van die groot produksies op hul kerfstok is *The Red Phone* (2004) met Arnold Vosloo, Michael Wincott en Michael Ironside in die rolverdeling en *Platinum* (2004) wat die verhaal van Hans Merensky, vader van platinum-mynwese in Suid-Afrika, vertel. *Diamonds* (2009) was `n ko-produksie tussen Kanada, Engeland en Suid-Afrika en het Judy Davis, James Purefoy en Marius Weyers in die hoofrolle gehad. Dit is vir nege Gemini-toekennings benoem onder meer as Beste Dramareeks en Beste Regisseur. Philo was ook die uitvoerende vervaardiger van *Winnie (2011)* met die Oscar-wenner Jennifer Hudson (*Dreamgirls*) en die Oscar-benoemde Terrence Howard (*Crash*) in die hoofrolle. Die regisseur is die Oscar-benoemde Darrell James Roodt (*Yesterday*). Plaaslik is van die grootste flieks op Philo se kerfstok *The Gods Must be Crazy* (1980) wat verskeie internasionale toekennings gewen het. Hy was ook aan die stuur van trefferflieks soos *Boetie Gaan Border Toe*, *Boetie Op Manoeuvres*, *Brutal Glory* en *Lipstiek Dipstiek*.

**Johan Kruger (Lynvervaardiger)**

Johan is by rolprent- en TV-vervaardiging betrokke sedert hy in 1984 by die destydse SAUK aangesluit het. Sy eerste pos as assistent produksie-ouditeur was op die befaamde reeks *Shaka Zulu*. Tussen 1984 en 2010 was Johan betrokke in verskeie aspekte van 52 plaaslike en internasionale rolprente en 44 TV-produksies. Van die posisies wat hy al beklee het, was produksie-ouditeur, lynvervaardiger, mede-vervaardiger, vervaardiger en uitvoerende vervaardiger. Begrotings op die onderskeie produksies het gewissel tussen $250 000 en $15 mijoen. Hy is in sy loopbaan deur twee van die wêreld se grootste filmfinansieringsmaatskappy – Film Finances se Suid-Afrikaanse kantoor en The Motion Picture Bonding Company van Amerika – genader om sogenaamde probleem-produksie uit te sorteer. Sy hooftaak was om toe te sien dat die produksies binne begroting en op tyd klaar maak en van `n goeie tegniese standaard te wees. Johan het al saam met bekende internasionale vervaardigers soos Lance Hool (Silver Lion Films, Los Angeles) en E. Perez (Fox, Los Angeles) gewerk. Hy bly op hoogte met wat die internasionale tendense in rolprente en TV-produsie is en reis gereeld na Amerika en Europa. In 1996 het hy die eerste Suid-Afrikaner geword wat na die Euro Aim-konferensie vir vervaardigers in Berlyn genooi is.

**Sean Else (Mede-vervaardiger, regisseur en skrywer)**

Hy is nie net `n sanger, liedjieskrywer en vervaardiger nie, hy was ook as akteur deel van produksies soos *7de Laan* en *Egoli.* Sean het groot sukses behaal met teaterproduksies soos *Ons Vir Jou* en *Jock of the Bushveld* en is eienaar van Mozi Records, een van Suid-Afrika se grootste platemaatskappye.

**Deon Opperman (Skrywer)**

Deon Opperman se loopbaan as skrywer, regisseur en vervaardiger in teater, rolprente en TV het in 1984 begin. Hy is die houer van ‘n Fulbright-beurs en het ‘n BA-graad aan Rhodes Universiteit behaal asook ‘n honneursgraad by die Universiteit van Kaapstad. Hy het ook ‘n Master of Arts-graad aan die Northwestern University in Chicago en `n MBA aan die Universiteit van die Witwatersrand behaal. In 1996 was hy ‘n stigterslid van AFDA, ‘n na-skoolse opleidingsfasiliteit waar studente in alle aspekte van die uitvoerende kunste opgelei word. Hy was `n uitvoerende direkteur en hoof van die lewendige optrede-afdeling vir agt jaar. Hy het bedank tot hy hoof uitvoerende beampte van Tanstaafl Holdings geword het. Tanstaaf bestaan uit Packed House Productions, eQ2 Corporate Services en Bottom Line Entertainment, `n TV-produksiemaatskappy wat aan stuur staan van gewilde reekse soos *Backstage* en die kykNET dramareekse *Kruispad* en *Getroud met Rugby.* Deon was ook die mede-skrywer en regisseur van die musiekblyspel *Ons vir Jou*. Hy was as skrywer, regisseur en vervaardiger betrokke by meer as vyftig teaterproduksies in

Afrikaans en Engels. Hy het al verskeie toekennings vir sy werk ontvang onder meer die Hertzogprys wat twee keer aan hom toegeken is asook die Eugene Marais-prys vir letterkunde wat deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Weteskap en Kuns. Ander toekennings sluit in die Standard Bank Young Artist of the Year, die SACPAC Dramaturg van die Jaar, Fleur de Cap-toekenning vir beste nuwe Suid-Afrikaanse toneelstuk, die Kanna-toekenning vir sy bydrae tot Afrikaanse teater en die Eastern Province Herald Showtime-toekenning as beste regisseur en agt Vita-toekennings.

**Chris van Latum (Assistent-regisseur)**

Chris sit alles in in alles wat hy aanpak. Hy glo as mens ten alle tye kalm bly, gaan jy goeie resulate kry. Hy is ‘n mense-mens met jare se ondervinding in die rolprentbedryf. Sy droom is om nie net die land se beste assistent-regisseur te word nie, maar ook eendag sy staal as regisseur van kortfilms te wys. Chris het ondervinding is rolprente, advertensies, TV-reekse, dokumentêre programme, korporatiewe video’s en musiekvideo’s. Hy het met ‘n groot verskeidenheid plaaslike en internasionale akteurs gewerk en was betrokke by verskeie produksies waar vliegtuie, bote en spesiale effekte soos ontploffings, vuur en reën ‘n rol gespeel het.

**Brendon Frans Keyser (Kamera-regisseur)**

Brendon is ‘n vryskut kameraman wat in verskeie mediums werk – van DVD’s en TV tot aanlyn-produksies. Hy glo die interaksie tussen dit wat hy afneem – of dit nou mense of die natuur is of die wisselwerking tussen die twee – kan vir groot verrassings sorg en dat kameraskote bydra tot die skep van beelde. Vir Bredon is dit belangrik om die oomblik vas te vang en nie noodwendig die oomblik te skep nie. Volgens hom is daar oorgenoeg materiaal om ons om vir wonderlike kameraskote te sorg, dis nie noodwendig nodig om alles tot die laaste punt te beplan nie. Hy gebruik egter al die inligting tot sy beskikking – van die draaiboek, die toerusting waarmee hy werk en die tegniek wat hy gebruik – om die skoot met toewyding en entoesiasme te kry.

**Inge Else (Produksie-ontwerper/Kunsregisseur)**

Drama en die kunste was nog altyd een van Inge se groot liefdes. Sy het op laerskool verskeie pryse vir dans en drama gewen en is toe na die Pro Arte skool in Pretoria. Sy het haar hoërskoolloopbaan aan Hoërskool Montana voltooi. Sy het op skool reeds ‘n kursus in rolprentmaak gedoen en ná skool is sy na AFDA waar sy ‘n kursus in produksie-ontwerp en kunsregie gedoen het. Sy het daarna drama aan die Universiteit van Tegnologie in Pretoria studeer. Inge het al op verskeie musiekvideos, wat met van die industrie se grootste pryse beloon is, as kunsregisseur gewerk. Sy het agter die skerms gewerk op produksies soos *Villa Rosa* en *Wild at Heart* en was betrokke by die Oscar-benoemde rolprent *District 9*.

## BIOGRAFIEË – ROLVERDELING

**Lianie May (Riana van Niekerk)**

Lianie May het reuse sukses behaal met van die grootste Afrikaanse treffers die afgelope tyd wat deur Johan Vorster, Sean Else en Lianie geskryf is. Haar musiek word gekenmerk deur sterk melodieë en sielsmooi harmonieë. Haar debuutalbum, *Vergeet My Nie*, het die SAMA-toekenning in 2009 gewen as die topverkoper in die land en haar vorige album*, Boeremeisie*, het weer gesorg vir `n rits treffers. Haar nuwe album, *Lank Lewe die Liefde*, is in Julie vanjaar vrygestel. *Platteland* is haar debuut as aktrise.

**Bok van Blerk (Dirk Pretorius)**

Bok van Blerk het die musiekmark in 2006 oorrompel met *De la Rey* en het sedertdien homself as een van die groot name in Afrikaanse musiek gevestig. Sy album *Afrikanerhart* is in 2010 bekroon as die grootste verkoper in Suid-Afrikaanse musiek en hy het al verskeie toekennings ontvang waaronder Tempo- en Vonk-toekennings. Sy nuwe album, *My Kreet*, is verlede jaar vrygestel en word deur kritici as sy beste album ooit beskryf. *Platteland* is ook sy debuut as akteur.

**Steve Hofmeyr (Mike Ferreira)**

Hy is ‘n sanger, akteur en liedjieskrywer en sonder twyfel een van Suid-Afrika se suksesvolste en talentvolste kunstenaars. Steve het drama op die destydse Pretoria Technikon studeer, maar ná hy `n rol in *Agter Elke Man* gekry het, het hy voltyds as akteur en sanger begin werk. As sanger het Steve groot sukses behaal, nie net met verkope van meer as 2 miljoen nie, maar ook as liedjieskrywer vir homself en ander sangers soos Andriëtte Norman, Christo & Cobus en Dana Winner. Hy is die skrywer van topverkoperboeke soos *Mense van My Asem* en *Vier Briewe vir Jan Ellis*. As akteur was hy te sien in TV-reekse soos *Egoli, 7de Laan* en *Getroud Met Rugby*.

**Vaughn Gardiner (Wian van Niekerk)**

Vaughan Gardiner het ‘n BCom-graad agter sy naam, maar musiek was nog altyd deel van sy lewe. Hy was in 1999 deel van die Maleierkoor Villagters wat in Hong Kong opgetree het en in 2001 het hy saam met die groep Earth Harmony in Japan opgetree. Hy was 14 jaar oud toe hy sanglesse by Koba Wicomb begin neem het en sy eerste betaalde optrede was toe hy by `n kollege in Kaapstad vir net R200 opgetree het. Sy paaie het in 2004 met Sean Else by `n funksie by Curro Privaatskool in Durbanville gekruis. Ivan Zimmermann, wat ook in Platteland speel en die aand daar was, het vir Sean en Vaughan aanmekaar voorgestel, maar dit het eers `n paar jaar geneem voor Vaughan se

debuutalbum, Wie Ek Is, in 2009 vrygstel is. Vaughan is in 2010 vir ‘n Naledi-prys benoem as beste nuwe speler vir sy rol as Jock in die musiekblyspel Jock of the Bushveld.

**Jay du Plessis (Jakes Ferreira)**

Jay du Plessis is die afgelope tien jaar lid van die gewilde groep Eden. Jay het sy professionele debuut in 1999 gemaak in Neil Lessick se *Let’s Rock*. Hy was ook te sien in die musiekblyspele *Joseph and his Amazing Technicolour Dreamcoat*, *The Rocky Horror Picture Show*, *DooWah Boys* en die pantomine *A Lad In a Lam.* Hy is ‘n ervare akteur in industriële drama en een van die hoogtepunte in sy loopbaan was toe hy deel van die vermaak by Nelson Mandela se 85ste verjaardag was. Jay was saam met Joe Niemand in 2001 die wenner van ATKV se Crescendo-kompetisie. In 2010 word sy album *Solo* vrygestel en vestig dit hom as solokunstenaar. Hy het in 2011 twee Tempo-toekennings as beste popalbum en liedjie van die jaar vir *Melanie* gewen.

**Karlien van Jaarsveld (Rolene)**

Karlien van Jaarsveld is vir meer bekend as net die ouer suster van die gewilde sanger Bobby van Jaarsveld. Sy het haar loopbaan begin as kitaarspeler in Bobby se groep, maar later haar eie rockgroep begin. In 2008 het sy besluit om haar eie pottjie te krap en in 2010 is haar solo-album As die Gordyn Val vrygestel. Die album is vroeër vanjaar heruitgereik as *Jakkals Trou Met Wolf se Vrou*. Karlien is ook as “Gewildste Nuweling“ aangewys by die 2011 Tempo toekennings.

**Ashley Saunders (Tenk)**

Ashley Saunders was in 2007 een van die top ses finaliste in die Suid-Afrikaanse Body Building-kampioenskappe, Hy was al te sien in TV-reeks soos *Binnelanders*, *7de Laan, Egoli, Coconuts, The Lab, Madam and Eve, Scandal, Jozi Streets* en *Rhythm City* en was ook te sien in die flieks *Getroud Met Rugby, A Million Colours, Stoute Boude, Bang Bang Club* en *Running Riot.* Ashley was ook te sien in verskeie verhoog- en industriële teater-produksies.

**André Odendaal (Rot)**

André Odendaal het ‘n honneursgraad in drama aan die Universiteit van Pretoria in 1983 behaal. Ná twee jaar in die weermag het hy vir vier jaar by Truk aangesluit. In sy loopbaan van 29 jaar was hy deel van meer as 60 verhoog- en TV-produksies en rolprente. Sy mees onlangse rol was die van Botha in *Getroud met Rugby* en Giovanni in die toneelstuk *Magspel* waarvoor hy `n Fiesta-toekenning as beste akteur gewen het. André was die regisseur van verskeie TV-produksies, onder meer *Pottie Potgieter*, en het al verskeie pryse en benoemings vir sy werk gekry. André het nie net die rol van Rot in *Platteland* gespeel nie, hy was ook die drama-afrigter.

**Neels Claasen (Mossie)**

Neels Claasen is bekend as skrywer en akteur van die TV-reeks Kompleks wat tussen 2006 en 2007 gewys is. Hy het ‘n graad in drama aan die Universiteit van Pretoria behaal en was in verskeie teaterproduksies soos *Cinderella, 70’s Revolution* en *Three Dozen Roses.* Hy was ook te sien in die gewilde musiekblyspel *We Will Rock You* asook op TV in reekse soos *Egoli, 7de Laan* en *Zero Tolerance*. Neel is betrokke in alle aspekte van die uitvoerende kunste – hy is teaterregisseur, doen gereeld radiowerk en skryf produksies vir alle genres. Hy is `n deeltydse dosent in kreatiewe begewing by TUT.

**David Clatworthy (Attie Ferreira)**

David Clatworthy is bekend vir sy rolle in TV-reekse soos *On the Couch* en *Konsternasie Oppie Stasie* wat beide op SABC2 gewys is. David was op Pretoria Boys High School en was daarna van 1978 tot 1979 in die weermag. Hy het drama aan die Universiteit van Kaapstad studeer en van die hoogtepunte in sy loopbaan is

*The King and I, Life Is a Pitch, Macbeth, Revamp (*musiekblyspel*), The Boys Next Door, Beyond Therapy, Homeland, Toering, Cry the Beloved Country, Konings, Going Up, Isidingo, Zero Tolerance, Hard Copy, Meester, Iemand Om Lief Te Hê, The Lab, 7de Laan* en *Justice For All.* David het Fleur du Cap-toekennings as beste ondersteunende akteur vir sy rol as Jamie in *Long Day’s Journey into Night* en vir sy rol as Eddie in *Greek* gewen. Hy was al in verskeie rolprente waaronder *Jock of the Bushveld, Cry the Beloved Country, The Making of a Mahatma, White Lion, Everyman’s Taxi, District 9* en *Winnie*. David was ook deel van meer as 100 radiodramas.

**Hanna Grobler (Louise Ferreira)**

Hanna Grobler het drama aan die Universiteit van Stellenboch studeer waar sy ‘n honneursgraad behaal het. Sy was te sien in verskeie teaterproduksies waaronder

*Witsneeutjie en die Dwergreus*, *Wie’tditgedoen*, *Le Chat Noir*, *Harmse* en *Sielsiek*. Sy was ook te sien in verskeie TV- en filmproduksies wat sepies, ‘n sitkom, ‘n speletjiesprogram en ‘n drama insluit. In 2009 was sy ‘n deelnemer aan *Celebrity Survivor Santa Carolina* en is gekies as die sterkste vroue deelnemer. Ná drie suksesvolle reekse van *Getroud met Rugby*, het sy ook in die rolprent *Getroud Met Rugby – Die Onvertelde Storie* gespeel. In 2010 was sy deel van ‘n improvisasie komedie saam met Casper de Vries wat op Aardklop op die planke was en sy het ook ‘n gasverskyning op *Proesstraat* gemaak.

**Ivan Zimmermann (Pieter Naudé)**

Ivan Zimmermann het sy loopbaan in die vermaakbedryf in 1999 begin. Sedertdien was hy betrokke in verskeie teater en TV-produksies. Hy was twee jaar in die gewilde sepie *7de Laan* en daarna was hy die karakter Koert in *Egoli.* Hy was ook te sien in *Egoli – The Movie*. Hy is `n opgeleide akteur met ondervinding in multi-kamerawerk, enkelkamerawerk, teater, stemwerk, aanbieder en seremoniemeester. Sy debuutalbum met liedjies wat almal uit sy pen kom, *Asems Uit die See*, is in 2009 vrygestel.

**Paul Lückhoff (Frik de Klerk)**

Paul het drama by die Tshwane Universiteit van Tegnologie studeer en in 1978 in sy eerste verhoogstuk opgetree. Sedertdien was hy te sien in meer as 130 toneelstukke. Hy het onder meer die rol van Saul in Daleen Matthee se *Kringe in `n Bos* gespeel. Saam met sy betrokkenheid by *Fiela se Kind* het dit gesorg vir ongeveer 800 optredes. In 2008 was Paul te sien as pres. Paul Kruger in die musiekblyspel *Ons vir Jou*. Paul is ‘n gunsteling onder TV-kykers en een van sy grootste rolle was die van Pastoor Manas in *Egoli.* Hy was in verskeie ander TV-reekse te sien soos *Triptiek, Die Vierde Kabinet, Plek van die Vleisvreters, Hopeville* en *Feast of the Uninvited* onder leiding van Kantinka Heyns. Hy was in sy vroeë twintigs toe hy ‘n rol in die fliek *Fynbos* gespeel het en daarna het hy sy eerste hoofrol gekry toe hy in Jans Rautenbach se kontroversiële rolprent *Broer Matie* gespeel het. In 2007 was hy te sien in die rol van Pop in Michael Raeburn se rolprentweergawe van *Triomf*. Hy was ook te sien in *Getroud met Rugby III*.

**Izak Davel (Francois de Klerk)**

Izak Davel is ‘n akteur, sanger, danser en model. Hy het in 2001 aan die Lady Grey Arts Academy gematrikuleer en daarna dans studeer aan die Tshwane Universiteit van Tegnologie. Hy was te sien in verskeie teaterproduksies en was te sien as die karakter Scab in *Egoli*. Sy debuutalbum *Ken Jy My* is in 2008 vrygestel en vroeër vanjaar was hy ook te sien in *Getroud met Rugby – Die Onvertelde Storie*.

**Nat Ramabulana (Sersant Dlamini)**

Nat Ramabulana (soms ook bekend as Nathaniel Ramabulana) is `n Suid-Afrikaanse akteur wat bekend is vir sy rol as Blessing in die SABC2 sitkom *Askies*. Ander TV-werk sluit in *Isidingo, Home Affairs, Nomzamo, Jozi-H, Justice for All* en *Life is Wild*. In 2010 was hy te sien in die rol van Elphas in die SABC2 dramareeks *The Mating Game*. Hy het verskeie rolprente op sy kerfstok waaronder *The Crossing, The Trail (2006), Blood Diamond (2006), Surprise* en *The Bang Bang Club (2009)*. Nat het ‘n honneursgraad in drama aan die Unviersiteit van die Witwatersrand behaal. Hy kan Venda, Engels, Zoeloe, Tswana en Afrikaans praat.

**Viljé Maritz (Wynand)**

Viljé het as hoërskoolleerling reeds in verskeie produksies by feeste soos die KKNK, Aardklop en InniBos opgetree. Hy was al te sien in TV-reekse soos *Binnelanders, Getroud met Rugby* en *Cape of Fear (loodsepisode).* Viljé het ondervinding in stemwerk en is ‘n talentvolle sportman.

**Cobus Visser (Oom Martiens)**

Cobus Visser kom oorspronklik van Upington in die Noord-Kaap.Hy het drama onder Professor Anna Neethling-Pohl by die Universiteit van Pretoria studeer en was daarna in verskeie produksies van Truk en Sukovs te sien. Hy het by die SAUK aangesluit en was vir 25 jaar vryskut-vertaler, regisseur en akteur. In hierdie tyd het hy vier Artes-toekennings gewen. Hy het meesterklasse by die Lee Strassberg School of Acting in Los Angeles bygewoon en ook verder in Duitsland en Engeland studeer. Vir die afgelope 30 jaar het hy in oorklankling gewerk en was deel van verskeie teater- en TV-produksies en rolprente waaronder *Klara Viljee*, *Fiela se Kind* en *Promised Land.* Hy was ook te sien in TV-reekse soos *Generations, Egoli* en *Villa Rosa* en is ‘n bekende gesig en stem in verskeie TV-advertensies.

**Neels Coetzee (Oom Louwtjie)**

Neels Coetzee het drama aan die Universiteit van Pretoria studeer en was deel van Sukovs van 1968 tot 1974. Van 1975 tot 1996 was hy by Kruik en is hy vir verskeie pryse benoem. Hy het die Fleur du Cap-toekenning vir sy rol in Die Tou gewen en was in verskeie produksies waaronder *Vrededorp, Die lewe is alleen draaglik as ‘n mens bietjie dronk is, Altyd Jonker, Die Storm, Ella se Perde ,* Pieter Fourie *se Die Koggelaar* en *Untitled* by die kunstefees in Grahamstad te sien. By die Staatsteater in Pretoria was hy te sien in *Skroot, Drie Susters II, My Vrou se Man se Vrou, Vatmaar* en *My Boetie se Sussie se Ou*. Hy was ook te sien in TV-reekse soos *Isidingo, Egoli, Binnelanders, Jacobs’ Cross, Snitch* en *7de Laan.* Neels was te sien as Siener van Rensburg in *Ons vir Jou* wat in 2008 en 2009 by die Staatsteater in Pretoria opgevoer is.

**Thembalethu Ntuli (Kind)**

Themba Ntuli is bekend vir sy gasrol as die jong karwag Pule in die e.tv-reeks *Rhythm City*. Hy was ook te sien in TV-advertensies vir Sunlight en SABC2. Thembalethu is van Ekhuruleni op die Oos-Rand en was op Germiston op skool. Drama is deel van sy lewe sedert hy op laerskool was en hy het in graad 8 en graad 10 dramaklasse geneem. Hy wil graag verder in oudivisuele bestuur studeer en sy eie oudivisuele maatskappy besit.

**Fanie Cronjé (Ampie, Fotograaf)**

Fanie Cronjé het in 1999 sy diploma in drama aan die Pretoria Technikon voltooi.

Ná rolle in reekse soos *Vetkoekpaleis*, *7de Laan* en *Egoli* het hy van beroep verander en vir tydskrifte soos *Marie Claire* en *FHM* gewerk. Vir die afgelope agt jaar is hy by die vrouetydskrif *Sarie* waar hy die pos van sosiale redakeur beklee. Hy was die aanbieder van *ID*, `n program waar kykers `n nuwe voorkoms kry, wat op MK uitgesaai is.

**Samson Khumalo (Minister Khumalo)**

Samson Khumalo is bekend vir sy rol as Percy Mlambo in die M-Net reeks *The Coconuts*. Hy was ook te sien in die episode *The Other Woman* in die *Heartlines*-reeks. In 2010 het hy die rol van Speaknice, die opsiener, in die stikom *Rasdien* losgeslaan.

**Natisha van Zyl (Melanie, ontkleedanseres)**

Natisha (23) het dans, drama en musiekteater onder Keith Galloway by die Waterfront Theatre College studeer waar sy die Aviva Pelham-toekenning vir sang gewen het. Sy was al in verskeie TV-advertensies te sien onder meer vir KFC, MTN, Firestone en Homemakers Expo. Van die internasionale advertensies waarin sy te sien was is Lays, Nivea, Cha Cha Chocolate, McCain's en Vaseline Intensive Care. Van haar teaterwerk sluit in *Life's Choices* wat by die kunstefees in Grahamstad opgevoer is. Sy het by die Design Indaba in 2007 en 2008 opgetree en in die Keith Galloway-produksies *Best Foot Forward* en *5, 6, 7, 8*. Natisha was ook in verskeie ander musiekblyspele en is tans lid van die Northern Dance Project. Sy is ook 'n dansafrigter.

**Marcel Schoeman (Klubbestuurder)**

Marcel Schoeman het drie rolprente en 17 TV-reekse op sy kerfstok waar hy in 12 die hoofrol gespeel het. Hy het sy debuut in die reeks Torings gemaak en in 1998 het hy teenoor die Franse aktrise Laurence Debut in die produksie *35 Degrees South* gespeel. Hy is in 1995 vir 'n Artes-toekenning benoem. Marcel het ondervinding in kabaret, komedie, kinderteater, radiodrama, oorklanking en stemwerk en was al te sien in korporatiewe video's. Hy tree onder die naam Maximillian op waar hy liedjies van onder meer Bob Dylan sing.

**Annette Engelbrecht (Tannie Sanet)**

Die veteraan-aktrise Annette Engelbrecht is bekend vir haar rol as die ma in die gewilde sitkom *Orkney Snork Nie,* maar sy het ook saam met top-regisseurs soos Francois Swart, Lucille Gillwald, Barney Simon en Robert Mohr op produksies soos *Mattewis en Meraai, Hello and Goodbye, Hedda*

*Gabler* en *Othello* gewerk. Tydens haar roemryke loopbaan het sy verskeie toekennings gewen waaronder `n Computicket-toekenning, `n Star Tonight-toekenning en `n FNB Vita-toekenning. Sy was in TV-reekse soos *Mattewis en Meraai*, *Bosveld Hotel*, *Swart Kat*, *Joachem Verwey*, *Orkney Snork Nie*, *The Fourth Reich* en die sepie *Egoli.* Annette was in verskeie rolprente te sien en het klas in stemwerk by die Birmingham School of Acting in England gegee. Sy was hoof van drama by die Saint Andrews International High School in Malawi en by AFDA in Johannesburg.

**Dirk Stoltz (Onderwyser)**

Dirk Stoltz is onder meer bekend vir sy rol as Stefan Ferreira in die dramareeks *Erfsondes*. Dirk werk sedert die vroeë 1990's in TV, rolprente en teater en was te sien in TV-reekse soos *Song vir Katryn*, *Riemvasmaak* en *Erfsondes* asook *Arsenaal*, *Die Vierde Kabinet*, *Iemand om Lief te Hê*, *Triptiek* en *Plek van die Vleisvreters*. Van April 2009 is hy te sien as Mikey, die skarmunkel wat nog by sy ouma woon, in die SABC2 sitkom *Askies*. Hy is ook te sien in die rol van Liebenberg in *Binnelanders*.

**Joel Zuma (Polisieman)**

Joel Zuma is `n akteur, regisseur, sanger, musikant en TV-aanbieder wat veral bekend is vir die reeks *Let's Fix It*. Hy is ná skool na die Durban Universiteit van Tegnologie en is sedert 1998 betrokke by die vermaakbedryf. Sy professionele loopbaan het op radio vir Ukhozi FM begin in dramas soos *Soul City, Ingoma kamama, Hhayi bo, Sibhekephi* en *Ngavuka Kwabafileyo* begin. Hy het tot 2007 ook `n loopbaanleiding-program op die stasie gedoen en onlangs was hy die stem in die sosiale kommentaar-program *Izindandaba*. Joel was ook te sien in verskeie musikale produksies waarin hy gesing en gedans het, onder meer vir Richard Loring en die Barnyard-groep, en *Othello* en *Amadeus* is net twee van die teaterproduksies waarin hy gespeel het. Hy was musiekregisseur vir *Animal Farm*, *Mama Africa* en *Zonk'iZizwe* en is vir verskeie pryse benoem: 'n Naledi-toekenning vir beste komedie optrede (*That Will Be the Day*, 2005), beste nuweling en beste sanger (*The Young Ones*, 2004) en FNB Vita-benoemings vir beste ondersteunende akteur (*Hamlet*, 2003 en *Peace in the Valley*, 2000). Joel het in 2003 sy TV-debuut in 'n episode van die dramareeks *Justice for All* gemaak en was later dieselfde jaar ook in die SABC1-reeks *Gaz'lam* te sien.

# EINDKREDIETE

Riana van Niekerk – LIANIE MAY
Dirk Pretorius – BOK VAN BLERK
Mike Ferreira – STEVE HOFMEYR
Wian van Niekerk – VAUGHAN GARDINER
Jakes Ferreira – JAY DU PLESSIS
Rolene – KARLIEN VAN JAARSVELD
Tenk – ASHLEY SAUNDERS
Rot – ANDRÉ ODENDAAL
Mossie – NEELS CLAASEN
Attie Ferreira – DAVID CLATWORTHY
Bennie – WYNAND VAN VOLLENSTEE
Louise Ferreira – HANNA GROBLER
Pieter Naudé – IVAN ZIMMERMANN
Frik de Klerk – PAUL LUCKHOFF
Francois de Klerk – IZAK DAVEL
Tannie Baby – KRIEK VENTER
Pieter (Sekuriteitsman) – JAPIE DE VILLIERS
Sersant Dlamini – NAT RAMABULANA

Wynand – VILJÉ MARITZ
Oom Martiens – COBUS VISSER
Oom Louwtjie – NEELS COETZEE
Vragmotorbestuurder – DIRK VAN NIEKERK
Kind – THEMBALETHU NTULI
Ampie (Fotograaf) – FANIE CRONJÉ
Predikantsvrou – OBIE VERMEULEN
Predikant – COBUS VERMEULEN
Minister Khumalo – SAMSON KHUMALO
Melanie (Ontkleedanser) – NATISHA VAN ZYL
Klubbestuurder – MARCEL SCHOEMAN
Tannie Sanet – ANNETTE ENGELBRECHT
Onderwyser – DIRK STOLTZ
Polisieman – JOEL ZUMA
Bankklerk – JOHAN BOTHMA

Vervaardiger – Philo Pieterse
Lynvervaardiger – Johan Kruger
Vervaardiger\/Regisseur/Skrywer – Sean Richard Else
Mede-skrywer – Deon Opperman
Produksiebestuurder – Jessie White
Produksie-ouditeur – André Loggenberg
Produksie-koördineerder – Soné Combrinck
1ste Assistent-regisseur – Chris van Latum
2de Assistent-regisseur – Nicolette Louw
Produksie-assistent – Ruan Crane
Draaiboek-opsiener – Saskia Natasha Azaria Derksen
Kamera-regisseur – Brendon Frans Keyser
1ste kamera-assistent – Gavin Clive Sterley
Fokustrekker – Graham Clark
Fokustrekker – Khyle Jau Smith
Kamera-assistent – Grant Phillip van Vuuren
DIT-operateur – Janine Moller

Stilfoto's – Liezel Botes
Stilfoto's – Annelize Kraounakis
Agter die skerms – Leonard De Montaque Holtshouzen
Leerling-stelassistent – Joubert Grigor
Klankmenger – Derrick Mansvelt
Boom-operateur – Brendon John Allen
Hoof-grip – Robert John Brooker
Grip Best Boy – Lawrence Ntebatse Mmatli
Grip-assistent – Kholwani Joyous Mkhwanazi
Grip-assistent – Zewelanka Mafanya
Jib-operateur – Johan Strydom
Jib-assistent – Andries de Ridder
Gaffer – Lesiba (Righteous) Makona
Best Boy – Dumisani Eric Ndlazi
Elektrisieën/Vragmotorbestuurder – Lesiba Mashao
Kragopwekkeroperateur – Simon Buthelezi
Produksie ontwerper/kunsregisseur – Inge Yvonne Else
Kunsdepartement-assistent – Gwen Penny Marais
Stelkleder – Francis Disteele Scheepers
Rekwisiete – Francois Coetzee
Assistent rekwisiete-aankoper – Kyle Gerard Peterson
Assistent rekwisiete – Lisa Beth Bernard
Aksie-motor-koördineerder – Magrietha Neethling
Toneelskilder – Elzabé de Klerk
Swing Gang (hoof) – Solomon Maruping (Solly) Legobate
Swing Gang 1 – Xolani Elijah Mncwango
Kostuumontwerper – Frances Susan Howie
Kostuum-assistent – Nicolene v/d Westhuizen
Kostuum-bystand – Corlia Louw
Kostuumwassery – Elizabeth Mapula Maunatlala
Kostuum-vragmotorbestuurder – Issa Afrik Inussa
Hare en grimering – Odette Earle
Grimering bystand-assistent – Julia Nomfusi Mnyamezeli
Grimering bystand-assistent – Rujean Botha
Hare en grimering-assistent – Carla Halgryn
Eenheidbestuurder – Hendrik Johannes White
Assistent eenheidbestuurder – Rodney Govinder
Eenheid-assistent – Fanie Muntz
Sekurtiteitsopsiener – Drikus Odendaal
Rolverdeling chaperone – Issa Afrik Inussa
Rolverdeling chaperone – Mulugo Ezekiel (Pops) Nkawani
Motorbestuuder – Sebastian William Matthys
Motorbestuurder – Solomon Thwalo
Drama-afrigter – André Odendaal
Waaghals-koördineerder en spesiale effekte – Gerhard van der Heever
Spesiale effekte-assistent – Zakhele Mkhize
Waaghals-koödineerder – Wayne Lance Dawson Smith
Dierehanteerder – Dirk Cornelis Pieters van Niekerk
Medikus – Jaques Rodrique Swart
Spyseniering – Ron's Caterers
Spyseniering-motorbestuurder – Simon Mhubena

**LIEDJIES**

**Pleister vir my hart**
Skrywers: Johan Vorster/Lianie May/Barry Lubbe
Uitgewer: Coleske Artists
Gesing deur Lianie May

**Baas van die Plaas**
**(Oorspronklike titel: Ek kan Rock in my Taal)**
Skrywer: Didi Kriel/Amanda Strydom
Uitgewer: SAMRO
Gesing deur Steve Hofmeyr

**Vergeet my Nie**
Skrywers: Johan Vorster/Rencha Vorster/Sean Else
Uitgewer: Coleske Artists
Gesing deur Lianie May & Vaughan Gardiner

**Pa & Seun**
Skrywers: Johan Vorster/Rencha Vorster/Sean Else
Uitgewer: Coleske Artists
Gesing deur Steve Hofmeyr & Jay

**Sweet Dreams**
Skrywers: Johan Vorster/Dewald Wasserfal/Vaughan Gardiner/Karlien van Jaarsveld/Adolf Vorster
Uitgewers: Coleske Artists/Oxynity Music Publshing
Gesing deur deur Karlien van

**68' Chevy**
Skrywers: Johan Vorster/Sean Else/Bok van Blerk
Uitgewer: Coleske Artists
Gesing deur Bok van Blerk & Lianie May

**Is jy Bang?**
Skrywers: Johan Vorster/Sean Else
Uitgewer: Coleske Artists
Gesing deur Jay

**Melanie**
Skrywers: Johan Vorster/Adolf Vorster
Uitgewer: Coleske Artists
Gesing deur Jay

**As die Gordyn Val**
Skrywer: Johan Vorster
Uitgewer: Coleske Artists
Gesing deur Karlien van Jaarsveld

**Deur Jou Vingers Val**
Skrywer: Steve Hofmeyr
Uitgewer: EMI Music Publishing
Gesing deur Steve Hofmeyr

**As Ek Voor Jou Breek**
Skrywers: Johan Vorster/Rencha Vorster/Sean Else
Uitgewer: Coleske Artists
Gesing deur Vaughan Gardiner

**My Kreet**
Skrywers: Johan Vorster, Ricul Nel, Adolf Vorster, Bok van Blerk, Sean Else
Uitgewer: Coleske Artists
Gesing deur Bok van Blerk

**Waar Is Al Die Helde Heen?**
Skrywer: Johan Vorster
Uitgewer: Coleske Artists
Gesing deur Lianie May

**Saam Is Ons Beter**
Skrywer: Johan Vorster
Uitgewer: Coleske Artists
Gesing deur Lianie May & Bok van Blerk, Vaughan Gardiner & Karlien van Jaarsveld

**SPESIALE DANK AAN:**

the dti
Department:
Trade and Industry
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**Department van Handel en Nywerheid**
"Vervaardig met die bystand van die Departement van Handel en Nywerheid van Suid-Afrika wat nie enige aanspreeklikheid vir die inhoud aanvaar nie en nie noodwendig die inhoud ondersteun nie."

**Castello Di Monte**
Mike Ferreria se huis
402 Ariesstraat, Waterkloofrif, 0181
http://www.castello.co.za

Castello
DI MONTE

**Toyota SA Motors (Edms) Bpk**

TOYOTA

**Laeveld Agrochem**
http://www.laeveld.co.za

**TOMBCO Standerton**

Grimering voorsien deur
**Elizabeth Arden**

**Hannon Haircare**
vir al die haarprodukte wat deur die spelers gebruik is

**Thomas Jewell**
vir die sny, kleur en verlengings van die spelers se hare

**Papie Hlalele**
Bestuurder: Dieregesondheid
DC19 Veerartsenydiens
Department Landbou

**Dirk and Riana van Niekerk**
Vir hul hulp met die buitelugtonele

---

**Vir meer inligting kontak** **Indigenous Film Distribution (Pty) Ltd.**

Corlize Luttig – corlize@indigenousfilm.co.za / 011 719 4084
Of
(Namens **Indigenous Film Distribution (Pty) Ltd:)**

David Alex Wilson – davidalex@madmoth.co.za

Ilza Roggeband - ilzailza@vodamail.co.za

www.plattelanddiemovie.co.za

www.indigenousfilm.co.za